## Ander bron, ander motivering

Theo Potgieter

17 Julie 2011

## Geestelike seëninge

**Ef 1: 3**

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,

## Erfenis

**Ef 1: 18**

verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is;

## Goeie werke

**Ef 2: 10**

Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

## Krag

**Ef 3: 7**

waarvan ek 'n dienaar geword het, volgens die gawe van die genade van God wat aan my gegee is ooreenkomstig die werking van sy krag.

## 'n Ander ryk

**Ef 3: 8**

Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,

## ‘n Ander ryk

Luk 17: 21

En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.

## Innerste Sterkte

Ef 3: 16

dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,

## Alle volheid

Ef 3: 19

en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

## Krag in jou

Ef 3: 20

En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk,

## Volle grootte

Ef 4: 9-13

Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal
het in die onderste dele van die aarde? 10 Hy wat neergedaal het, is dieselfde
as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan
bring. 11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as
evangeliste, ander as herders en leraars, 12 om die heiliges toe te rus vir hulle
dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,

## Volle grootte

Ef 4: 9-13

13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;

## Oud en Nuut

**Ef 4: 23-24**

23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed 24 en julle met
die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en
heiligheid.

## Dronk

**Ef 5: 18**

Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.

## Maak bekend

**Ef 6: 19**

en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak,

## Wakker maak

**2 Tim 1: 6**

Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande.

## Wakker maak

**2 Tim 1: 6**

Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande.